Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 18 Junie 1952. Prys 3d. Nr. 29.

## Publiek Sal Optree Waarsku Pirow

**Die tyd vir 'n politieke stilstand het aangebreek. As dit nie onmiddellik gedoen word nie, sal die blankes in Afrika voor die gevaar te staan kom om uit die land gedwing te word, lui 'n verklaring van adv. Oswald Pirow na aanleiding van die verklaring van die Britse Arbeidersparty oor die Britse taak in Afrika, waarvan daar 'n berig in hierdie uitgawe verskyn.**

„Die Britse Arbeidersparty, wat enige tyd weer aan bewind kan kom, maak algehele gelykheid tussen blank en nie-blank die spil van sy beleid in Afrika. **Ek waarsku sowel die regering as die opposisie dat die publiek sal optree as hulle nie hul onmiddellike aandag aan die saak gee nie. Dit sal 'n tragedie wees, want die vraagstuk is in die eerste plaas een vir die regering.**"

Ten slotte verklaar adv. Pirow dat die oplossing vir die kleurvraagstuk die verdeling van Afrika tussen die wit en swart rasse is, en dat die tyd om dit te doen nou daar is.

# SAL BRITTANJE HANDEL MET S.A. STAAK INDIEN ONS REPUBLIEK WORD?

## GEBEURE IN SJINA BEWYS TEENDEEL

**Diegene wat die mond vol besware het teen Suid-Afrika se volledige onafhanklikheid deur aan te voer dat Brittanje dan nie meer ons wol, vrugte en wyn sal koop nie en Suid-Afrika dus bankrot sal gaan, kan gerus maar kennis neem van die optrede van hierdie „land van winkeliers" in Sjina. Tot watter lengtes Brittanje gegaan het, en nog gaan, om sy handel met Rooi Sjina voort te sit, blyk uit 'n verklaring van die Britse minister van buitelandse sake, Anthony Eden, in die parlement.**

Die optrede van die Sjinese regering teen die Britse handelsonderneming sedert die kommuniste die bewind oorgeneem het, was van so 'n aard dat die Britse vereniging van handelaars 'n paar weke gelede moes aankondig dat hulle inpak en trap uit Sjina. Besigheid het onmoontlik geword. Daarby het dit nie gebly nie. Die vrees word uitgespreek dat die Britse besigheidslui selfs nie toegelaat sal word om Sjina te verlaat nie. Sommige van hulle is inderdaad as gyselaars deur die regering in die tronk gestop waar hulle aangehou word vir „wanbetalings" aan hul Sjinese werksmense!

### NUWE BESIGHEID

**Ten spyte van hierdie toestand het 'n Britse afvaardiging wat onlangs na die Moskouse konferensie gegaan het, 'n handelsooreenkoms met die Sjinese gesluit ter waarde van £20,000,000 en verlede week is berig dat Britse en Sjinese afgevaardigdes in Oos-Berlyn 'n ooreenkoms gesluit het vir die lewering deur Brittanje van £6½ miljoen se waarde aan tekstiel- en chemiese goedere aan kommunistiese Sjina.**

Onmiddellik nadat die Moskouse ooreenkoms gesluit was, het die Britse regering deur middel van sy diplomatieke verteenwoordiger in Sjina 'n nota aan die Sjinese regering oorhandig waarin gevra word hoe hierdie „bewys van welwillendheid" omgesit kan word in werklike besigheid. **In sy verklaring moes Eden toegee dat tot op hede nog geen antwoord op die nota ontvang is nie, en dat dit in ooreenstemming is met die behandeling wat die Britse gesant nog steeds sedert sy aankoms in Peking te beurt geval het. Brittanje se erkenning van die kommunistiese bewind het tot dusver nog geen diwidend opgelewer nie, word verklaar. Die Britse verteenwoordiger in Peking is selfs nog nie eens deur die Sjinese minister van buitelandse sake ontvang nie! Geeneen van sy amptelike briewe is erken nie!**

### GAAN VOORT

**Ten spyte hiervan sluit die Britte nog steeds handelsverdrae met Sjina, al geskied dit in Oos-Berlyn!**

**En dan word in die Britse pers verklaar dat indien daar geen handelaars in Sjina oorbly om handel te dryf nie, hulle hul pogings vanaf Hongkong sal voortsit om die handel met Sjina te ontwikkel. Verder word die hoop uitgespreek dat die Sjinese regering tog vroeër of later sal ontdek wat die tekortkominge van sy huidige ekonomiese beleid is.**

„Wanneer daardie ontwaking kom," so lui dit, „sal Britse handelaars daar wees om hulle te toon wat die voordele van 'n handel langs normale weë is, waarlangs handelsbetrekkinge met die Weste in die verlede gegaan het tot wedersydse voordeel vir albei."

**Na dese moet 'n beswaarmaker tweemaal dink voordat hy beweer dat Brittanje nie meer met Suid-Afrika sal handel drywe indien hy 'n republiek word nie!**

## WAT GAAN S.A. BESKERM?

**Brittanje is die beskermheer van die kommunistiese bewind in Sjina. Brittanje is die beskermheer van die kommunistiese konsulaat in Pretoria.**

**Brittanje is die beskermheer van die Indiërs in Afrika.**

**Wat gaan Suid-Afrika beskerm as hy sy seuns in die Britse verdedigingstelsel stoot, soos Suid-Afrika beloof het om te doen?**

# BRITTANJE WORD GEVAAR VIR AFRIKA

**Na die jongste beleidsverklaring van die Arbeidersparty in Brittanje behoort daar geen twyfel meer te bestaan dat die heil van die witman in Afrika, en meer in besonder Suid-Afrika, nie van Britse kant te wagte is nie. Gevolglik steek daar ook geen nut in om verder diensbaarheid aan Brittanje te betuig soos ons regering tans besig is om te doen met sy „vrygewige" hulp aan Brittanje in sy ekonomiese krisis nie. Hierdie party, wat so pas ses jaar regeer het en tans weer die sterkste party is, wat dreig om die Churchill-bewind te laat tuimel, het homself as die beskermheer van die nie-blanke in Afrika uitgeroep op die grondslag van gelykheid in alle opsigte. In 'n skriftelike beleidstuk verklaar die party dat die toekoms van die Britse Statebond afhang van die verwerping van alle vorms van rassediskriminasie en dat Brittanje die unieke plig het om die welsyn van die volke van die Statebond „wat nie van ons ras is nie" te verseker. Die verklaring lui voorts.**

„Duursame vriendskap tussen Brittanje en die volke van Afrika hang af van die volledige verkryging van samewerking tussen alle rasse ten einde ware demokratiese regering en ekonomiese stabiliteit te verkry. Sulke samewerking moet die progressiewe erkenning verseker van gelyke maatskaplike, ekonomiese, nywerheids- en politieke regte.

„In al sy betrekkinge met die ander blankes in Afrika moet Brittanje besondere aandag skenk aan sy rol as beskermer van naturellebelange. Alle nuwe voorstelle en ondernеminge moet aan hierdie toets onderwerp word.

„Brittanje moet die Statebond bo alle ander streeksgroeperinge stel."

### BRUG VIR ASIATE

Voorts word verklaar dat die Statebond die brug vorm tussen die blanke en Asiatiese volke en dat die politieke samewerking tussen die lede meer gereeld en doeltreffend op die huidige grondslag van informele metodes van raadpleging moet wees.

Brittanje kan met die oog op sy geloof aan die Statebond nie lid wees van 'n Europese federasie of tolverbond nie, lui dit verder.

**Ten opsigte van die Verre Ooste spreek die party dit as sy beleid uit dat die kommunistiese regering in Sjina as die wettige bewind aanvaar moet word en sitting in die V.V.O. moet hê.**

### MOET WEGBREEK

Hierdie verklaarde beleid van die toekomstige regering van Engeland tesame met sy onlangse vyandige kritiek op die Suid-Afrikaanse regering maak dit vir ons regering noodsaaklik om sy beleid teenoor Brittanje in radikale hersiening te neem. Sedert die Nasionale Party aan bewind gekom het, is 'n paaibeleid teenoor Brittanje gevolg. Die republikeinse ideaal is selfs afgewater tot 'n ideaal van ewigdurende lidmaatskap aan die Britse Statebond, en wanneer dit kom by offers wat vir die Empire uit Londen gevra word, is Suid-Afrika los voor op die punt om hulp te verleen ten koste van sy eie burgers. **Vir al hierdie hulp en toegeeneentheid ontvang Suid-Afrika nie 'n korreltjie sand nie. Wat ons toekom, word tewens nog van ons weerhou soos in die geval van die Protektorate.**

Daar word trouens nie eens aan die Britte gesuggereer dat hulle die Protektorate in ruil vir ekonomiese of militêre hulp aan ons moet oorhandig nie.

### ASIATE STROOM IN

**Intussen gebruik Brittanje die Statebond as 'n brug vir die Asiaat om na willekeur Afrika binne te stroom, en geen blanke mag daarteen 'n woord rep nie. Tot so 'n mate is die Statebond 'n „brug" vir die Asiaat dat Nehru 'n paar weke gelede aan sy republikeine die versekering kon gee dat die Statebond 'n groot hulp is vir die beskerming van Indiërs in lande soos Suid-Afrika.**

Brittanje wil egter nie net beskermheer van die Sjinese kommuniste en Nehru se vyfde kolonners in Afrika wees nie, maar hy ag hom nou geroepe om elke nie-blanke in Afrika teen die witman te „beskerm." En onderdrukking is vir hom enigiets wat nie „gelyke maatskaplike ekonomiese, nywerheids- en politieke regte" is nie.

**As die geleentheid ooit daar was vir Suid-Afrika om leiding in Afrika te neem namens die witman teen Brittanje, dan is dit nou. En veral is dit nou die die tyd om die samewerking van soveel blankes en naturelle in Afrika as moontlik te soek vir die verdeling van Afrika in blanke en Bantoestate.**

**Die instroming van Indiërs in Afrika onder Britse beskerming en die agitasie onder Britse leiding teen die gesag van die witman moet belet word voordat dit te laat is. En dit is reeds laat.**

## AL WEER NA LONDEN

**Suid-Afrika se minister van finansies, mnr. N. C. Havenga, sal teen die einde van September weer in Londen wees om samesprekings met die Britse tesourie in verband met Brittanje se ekonomiese krisis te hou.**

**Mnr. Havenga se jongste besoek aan Londen (in Januarie vanjaar) het hom groot lof van Britse kant besorg. Die Britse minister van finansies het Suid-Afrika se „vrygewigheid" hoog geroem en gesê dat mnr. Havenga meer as enigiemand anders gedoen het om die Britse krisis te bowe te help kom.**

**Verdere swaar opofferings vir die Unie-burger in belang van Brittanje word in die vooruitsig gestel.**

## Taft Waarskynlik Teen Truman

Die bewering 'n tyd gelede in Die O.B. deur ons Amerikaanse korrespondent gemaak dat indien genl. Eisenhower die nominasie van die Republikeinse Party as kandidaat vir die presidentskap verloor, pres. Truman weer as kandidaat sal staan vir die Demokratiese Party omdat Eisenhower Truman se beleid sou voortgesit het, is deur sen. Taft, Republikeinse teenstander van Eisenhower, bevestig. Taft het gesê dat hy nou seker is van nominasie en dat hy verwag dat Truman sy teenstander sal wees.

## Hofsaak teen Wet

Die wettigheid van die regering se wet wat 'n „Hoë Hof van die Parlement" instel, sal deur die Verenigde Party in die Hooggeregshof getoets word. Vier Kleurlingkiesers het vir die doel aansoek gedoen om die wet onwettig verklaar te kry. Dit is dieselfde Kleurlinge wat sukses behaal het met hul appèl teen die wet wat die Kleurlinge op afsonderlike kieserslyste geplaas het. Die saak sal eers in Augustus verhoor kan word.

DIE O.B., WOENSDAG, 18 JUNIE 1952

# DIE O.B.-KOERS

Die verklaring wat die U.R. voorverlede week in Bloemfontein uitgereik het, is die tradisionele stem van die Ossewabrandwag waarna die volk al dertien, veertien jaar gelede geluister het. Toe ons beweging in die jaar van die Ossewatrek tot stand gekom het, was sy doelstelling baie uitdruklik die vereniging van die volk „buite en bo die partypolitiek." Niks het die kunsmatigheid van die partypolitieke verdeeldheid van die Afrikanerdom duideliker uitgebring as die Voortrekkerfeesjaar nie. In Mei daardie jaar is nog een van die swartste verkiesings gevoer tussen Afrikaner en Afrikaner, maar rondom die Ossewaens het ons skielik uitgevind hoe naby ons aan mekaar staan. Toe ons die partye vir 'n oomblik verban het, kon ons saam sing en saam juig. Daar het ons volk 'n visioen gesien van 'n toestand wat blywend moes en kon wees. En dit was die taak van die Ossewabrandwag om die volk daarheen te lei.

Maar heel gou het ons uitgevind dat die partypolitiek hom nie so maklik laat oorkoepel nie. **Die gedagte om die volk „buite en bo die partypolitiek" in 'n organisasie te verenig terwyl die partystelsel nog gehandhaaf word, het onprakties geblyk. Die partye duld eenvoudig geen volkseenheid buite en bokant hulle nie. Inteendeel, hulle is besig om by die dag nuwe terreine aan die volksgesag te ontruk, soos byvoorbeeld in plaaslike besture, skoolrade, ens. Daarom het die Ossewabrandwag as 'n tweede stap begin om die volk se oë oop te maak vir die euwels van die partystelsel en in die plek daarvan die tradisionele republikeinse stelsel van volksregering voorgehou. Dit was duidelik dat as die partye geen volkseenheid op georganiseerde wyse buitekant hulle terrein wou toelaat nie, volkseenheid dan bereik moes word deur die verwydering van die oorsaak van sy verdeeldheid — die partystelsel.** Die verwagting het bestaan dat hierdie propaganda vir 'n nuwe stelsel geleidelik sou deurwerk totdat die politieke party self so deurdronge daarvan sou raak dat hy as instrument gebruik kon word vir die uitvoering van daardie volksbeleid. Ook hierin was die Ossewabrandwag teleurgestel. Die praktyk het getoon dat die politieke party al heel gou alle elemente van 'n eie Afrikaanse staatstelsel oorboord gewerp het, en voortgegaan het om die volksbeweging dood te druk net waar hy kon.

### DOODGELOOPTE PAD

Selfs die pogings van die voormalige leier om deur middel van 'n bevriende Afrikanerparty die volksgedagte na vore te probeer bring op parlementêre gebied, het misluk toe eers in verkiesings al sy lede geveto is en daarna by die formele eenwording uitdruklik bepaal is dat groepvorming nòg rondom 'n beginsel nòg rondom 'n persoon binne die nuwe party geduld sal word. **Daarmee het die Ossewabrandwag se pad om in bondgenootskap met die party die partylose republiek te bring, blykbaar finaal doodgeloop.** Die keuse waarvoor die Beweging te staan gekom het, was òf om die stryd voort te sit tot sy volle konsekwensie deur die oprigting van 'n onafhanklike front van partyloses wat op eie bene die stryd moet voer ter verwesenliking van die ideaal van 'n volkseie staatstelsel. Die U.R. het besluit om laasgenoemde pad te volg. **Dis eenvoudig ondenkbaar dat die tienduisende Afrikaners wat in die afgelope jare opgevoed is om in die partystelsel 'n volksverdelende vyand te sien, nou sonder meer teruggelei moet word na die partypolitiek wat dreig om die toekoms van ons volk te vernietig.**

### VALSE ARGUMENT

Die argument dat hulle binne die party hul ideaal kan verwesenlik is niks anders as misleiding nie. Ons het ervaring van O.B.'s wat die O.B. gelos het terwille van die geleentheid om binne die party „iets vir die ideaal te doen." **Geeneen van hulle het sedertdien in die openbaar een enkele word ter ondersteuning van die O.B.-gedagte uitgespreek nie. Hulle het geheel en al opgegaan in die partypolitiek en is voorlopig, altans, vir die saak verlore. Hoe kan hulle dan ook die ideaal van die Ossewabrandwag verkondig wanneer hulle onder die sweep van die partykoukus staan waarvan die leier in skrif verklaar het dat hy teen O.B.-lede binne die Afrikanerparty diskrimineer omdat hulle leiers voortgaan om propaganda teen die partystelsel te maak?** In sy briefwisseling met mnr. Havenga het dr. Malan naamlik die volgende as rede aangevoer vir sy veto van A.P.-kandidate wat ook lid van die Ossewabrandwag was:

> **„Die O.B.-leiers nou in u party sowel as hul amptelike blad verkondig altyd net soos tevore hul eie ideologie en doelstellinge, wat, soos u tereg erken, in stryd is met die beginsels van u party, net soos dit in stryd is met dié van ons s'n. Hulle propageer dit selfs openlik op Afrikanerparty-vergaderings . . . Dis hieruit en hieruit alleen dat die besware van die H.N.P. se kant voortspruit."**

Om die partystelsel dus binnekant 'n politieke party te probeer beveg is 'n onmoontlikheid; dit bots met die partybeginsels. **O.B.'s sal binne die party alleen geduld word solank hul leiers oor O.B.-beleid swyg en solank hul amptelike blad daaroor swyg. Maar watter doel dien ons dan?**

Vir die U.R. was daar dus net een weg oop en dit is die skepping van 'n front „wat buite en binne die parlement die stryd sal voer" vir die ideale wat ons bely.

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Attlee Kan Miskien Goed Doen*

Ek het 'n lang geselserige brief ontvang van een van my lesers uit Graaff-Reinet. Hy stel homself voor as „'n man wat maar stadig trap, maar wat darem vastrap." My leser skryf:

„Dit was nogal verrassend aangenaam gewees om dr. D. F. Malan se reaksie te lees oor mnr. Attlee en die Britse Arbeidersparty se verklaring van inmenging in ons land se private sake. Ek hoop net dat dr. Malan ook nou ridder genoeg sal wees om te erken dat die Ossewabrandwag nog steeds die rotsvaste beleid teenoor die Britte gevolg het en dat dr. Malan se party ongelukkig van daardie beleid afgewyk het. En ek hoop ook dat dr. Malan sal erken dat wyle genl. Hertzog in 1940 die regte koers aangedui het toe hy tydens sy wantroue-mosie in die parlement aan die Smuts-regering gesê het: Ek het altyd geglo dat soewereine onafhanklikheid ons genoegsame vryheid gegee het om uit Engeland se oorloë te bly, maar julle het my oortuig dat ek verkeerd was en dat 'n Republiek al is wat ons daardie vryheid sal gee.

„Ek wil graag hoop dat mnr. Attlee se optrede vir dr. Malan sal oortuig dat Suid-Afrika se heil nie in die Britse statebond lê nie; en dat dit van dr. Malan ook 'n republikein sal maak."

### *Outokrate of Ridders van die Vryheid?*

My leser wil vervolgens van my weet of demokrate dan outokrate is? Hy sê hy raak nou al meer en meer onnosel as hy sien hoe die demokrate die demokrasie hanteer.

„Die Geallieerdes het in die jongste oorlog vir die vryheid van die mensdom geveg. Hulle het vertel dat hulle veg vir die vryheid van spraak, vir die vryheid van die pers en vir 'n duisend-en-een ander vryhede. Nadat hulle egter die oorlog vir al hierdie vryhede gewen het, skiet hulle die Nazi's dood en bou hulle denazifikasie-kampe vir diegene wat gelukkig genoeg was om die galg vry te spring.

„Wat beteken dit? Blykbaar is die uitleg dat jy moet dink soos ek dink om 'n goeie demokraat te wees — of jy moet dink soos my party dink of soos my regering dink. Indien jy aanspraak wil maak op die sogenaamde demokratiese vryheid om anders te dink, dan is jy nie 'n demokraat nie, en dan moet jy in 'n kamp gestop word om gedemokratiseer te word en as jou leermeesters nie hoop het dat jy 'n vlytige leerling sal wees nie, word jy maar doodgemaak.

„Ek hoor dat adv. Strauss vir dr. Malan 'n Nazi noem. (Dis glo 'n vreeslike slegte ding om te wees.) En ek hoor ook dat dr. Malan sê dat die Torch Commando die stormtroepe van adv. Strauss is — op die model van wyle Adolf Hitler. Moet ek nou hieruit verstaan dat nòg dr. Malan nòg adv. Strauss demokrate is?

„Gedurende die oorlogsjare het die demokraat, genl. Smuts, mense in kampe en tronke gestop wat nie soos hy gedink het nie. Nou weer is dr. Malan besig, ooreenkomstig die anti-Kommunistiese Wet wat hy gemaak het, om mense wat nie soos hy dink nie uit die parlement te skop en uit hulle betrekkings uit en hy belet selfs die publikasie van 'n koerant. Ek vind nie fout met dr. Malan se optrede nie; inteendeel, ek keur dit goed en ek ondersteun dit; maar ek kan nie verstaan hoe hy dit kan doen in die naam van die demokrasie nie.

„Wat is die demokrate? Is hulle outokrate of is hulle die ridders van die vryheid?"

### *Oor die Eerste Hertzog-koerant in die Unie*

Voorts skryf my leser: „In 'n vorige uitgawe van Die O.B. het ek gelees dat oom Jannie Stassen van Pretoria aanbeveel dat lesers van die blad advertensies vir ons koerant werf. Nou sal ek aan die hand doen dat een van die biltongpryse van „Suid-Wester" aan advertensiewerwers gegee word.

„Oom Jannie se wenk dat lesers advertensies vir hul blad moet werf is 'n baie goeie gedagte — en ek mag sê oom Jannie se gedagte is die wysheid van ondervinding.

„As daar 'n Afrikaner is vir wie ek my hoed afhaal dan is dit oom Jannie. Hy is 'n man wat weet wat swaarkry en deurbyt beteken. Sy swaar het alreeds voor die Engelse oorlog begin. Na die oorlog het hy baie jare in Aberdeen gewoon en later redakteur geword van Die Nuwe Tyd. Dit was Aberdeen se koerant en die koerant het die eer dat hy die eerste Hertzog-koerant in die Unie was.

„Oom Jannie het die soet sowel as die suur van die opbou van nasionalisme en die Nasionale Party in die Unie deurgemaak. As hy sê dat hy nie lid van die Ossewabrandwag is nie, dan sê ek dat hy al die beginsels van die Ossewabrandwag onderskrywe, want hy is hart en siel 'n republikein. Ek kan baie goed verstaan dat hy in die Nasionale Party is, want hy kan tog nie die grootman wat hy help grootmaak het afstoot nie!

### *Oom Jannie Stassen*

„Oom Jannie het jare van diens aan die Oupa Kriel-weeshuis in Langlaagte gegee. Hy het sy volk nog altyd onselfsugtig gedien — hy het sy dienste aan sy volk beskikbaar gestel sonder dat hy ooit beloning van sy volk daarvoor gevra het. As ons almal ons volk dien soos hy gedien het, dan was ons vaderland al lankal los van Engeland.

„Toe hy Aberdeen verlaat het, het Aberdeen 'n groot Afrikaner en 'n goeie dorpenaar verloor.

„Ek bring hulde aan oom Jannie. My versoek is dat oom Jannie weer in Die O.B. moet skryf. Ek sal die stukkies uit sy pen met genot en waardering lees."

Anders as my leser het ek ongelukkig nie die voorreg om hierdie republikeinse stryder — oom Jannie Stassen — te ken nie. As oom Jannie meer van hom laat hoor dan leer ek en ander hom ook ken.

Ek is baie bly dat my leser vir ons vertel het van oom Jannie. Laat my toe om te herinner aan 'n baie groot waarheid wat alte dikwels vergeet word: Ons volk, net soos enige ander volk, sal uiteindelik sy ideale verwesenlik en sy bestemming bereik as gevolg van die onselfsugtige stryd van manne soos oom Jannie blykbaar is, en nie deur die sogenaamde „sukses" van die ambisieuse posisiesoekers nie.

### *Kleinserig vir Kritiek*

Ten slotte skryf my leser: „In verband met die beleid van die regeringsparty se koerante — ek bedoel die redaksionele beleid van die koerante — is daar 'n saak wat my in toenemende mate in die afgelope tyd hinder. Blykbaar weier die koerante om briewe van sy lesers te publiseer wat kritiek bevat op die regering en sy beleid. Die gevolg is dat mens talle briewe van regeringsondersteuners in die koerante van die opposisieparty sien verskyn. Dit is waarskynlik die briewe wat die regeringskoerante geweier het om te publiseer.

„Dit lyk my waarlik 'n slegte beleid te wees om sulke briewe te weier—en daardeur alle kritiek in regeringskringe te verswyg. Sou dit nie beter wees om sulke briewe te publiseer nie en om die kritiek daarin vervat met 'n uitklophou te beantwoord deur middel van 'n voetnoot onderaan die brief nie? Of moet 'n mens aanneem dat die regeringskoerante nie in staat is om die kritiek van hul lesers te beantwoord nie? Of is dit die regering of die partyleiers wat so kleinserig is vir kritiek?

„Ek wil maar net sê dat die Nasionale Party se koerante 'n baie groot fout maak as hulle hulle lesers dwing om hul hart in die kolomme van die Verenigde Party se koerante te gaan uitstort.

### *Koning Een-Oog van die Blindes*

„En terwyl ek nou hierdie saak aangeroer het wil ek sommer vra: Hoeveel parlementslede is daar wat sorg dat hulle ten volle op hoogte van sake is met alle gedagterigtinge wat tot uiting kom in die volk? Ek vrees daar is nie baie nie.

„Die Ossewabrandwag verteenwoordig die republikeinse gedagterigting van baie Afrikaners. En Die O.B. vertolk hierdie republikeine se standpunt. Nou vra ek: Hoeveel Engelssprekende parlementslede lees Die O.B.? Maar ek vra meer. Ek vra: Hoeveel Afrikaanssprekende parlementslede — ja, hoeveel parlementslede van die Nasionale Party — lees Die O.B?

„Is hierdie mense net so bang om 'n ander man se standpunt te hoor as wat hulle kleinserig is vir kritiek? Dit is darem treurig as dit die posisie moet wees. Blykbaar wil die blindes nie eers hoor van 'n twee-ogige nie, want een-oog mag nie onttroon word nie.

„Waarskynlik is die grootste behoefte van ons tyd aan mense wat vir hulleself dink en aan leiers wat verligte volgelinge verwelkom."

O.B.
VRIENDSKAPSENTRUM
Groote Kerkgebou 604, Kaapstad
Vir
Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg
Besoek ons wanneer u in Kaapstad is
Ons pryse—die billikste
Ons diens—die beste

# MOET NOU DAAD BY WOORD VOEG

**Mnr. Fred Hattingh, Ysterplaat, skryf:**

Na ek 'n vergadering van die plaaslike kommando bygewoon het, het ek tot die oortuiging gekom dat die Ossewabrandwag die hand uit die mou moet ruk en aan die ploeg slaan. Daarom wil ek 'n vriendelike beroep op die lede van u beweging doen om een en almal in die veld te spring. Stilstand is die vader van agteruitgang en daar durf nie soiets wees nie. Onthou dat wanneer ons ons ideaal stel, onderneem ons daardeur om alles in ons vermoë te doen om dit verwesenlik te sien. Daar's duisende manne en vroue wat aan geen politieke party behoort nie en tienduisende wat wel aan die een of ander party behoort omdat daar niks beter is nie. Hierdie mense moet oortuig word dat die partystelsel uitgedien is en dat die volk oorryp is vir die verwesenliking van die republikeinse regeringstelsel. Daardie geklets oor dis nie praktiese politiek nie, is maar net 'n partypolitieke mombakkies om die volk om die bos te lei. Kyk maar net na die warboel waarin die partypolitiek ons volk beland het en u sal met my saamstem dat die yster gereed is om gesmee te word. Daar kan geen twyfel hieroor bestaan nie, want wanneer 'n volkie van nie eens twee-en-'n-driekwart miljoen blanke siele nie, so baldadig word dat hy nie meer sy eie grondwet wil erken nie, dan ontwikkel hy groeipyne wat 'n groter nommer skoen gebiedend noodsaaklik maak. Die V.S.A. met sy byna honderd-en-vyftig miljoen mense hou nog styf vas aan sy grondwet en eerbiedig die beslissing van sy hooggeregshof sonder om hom oor die soewereiniteit van sy wetgewende liggaam te kwel. Dit bewys dat die stelsel waarmee ons ons bedien, nie deug nie. Sodra ons 'n republiek, buitekant die Statebond, uitgroep het en ons eie republikeinse grondwet opgestel het, sal ons besef dat 'n volk wat hom nie aan sy eie grondwet hou nie, nie die naam van 'n demokratiese volk werd is nie. Maar dis die werk van die Ossewabrandwag om ons volk te oortuig dat die partypolitiek nie langer deug nie, en elke man en vrou wat die ideaal waarvoor die Ossewabrandwag staan, nastreef, moet in die tuig spring en van vroeg tot laat teen die borsplaat beur. U moet organiseer, vriende, en nie skroom om u mede-Suid-Afrikaners te bearbei nie. Al word hulle nie almal lede van die Ossewabrandwag nie, solank u hulle kan oortuig dat daar net één ware oplossing vir ons moeilikhede is: 'n Republiek buite die Britse Statebond. Maar u moet oppas vir manteldraaiers wat met een arm om die nek van die partypolitiek sit en met die ander toenaderende gebare aan die Ossewabrandwag uitsein. Witvoetsoekers is nie uit materiaal gesny wat die toets sal weerstaan nie, want die stryd is opdraand.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow**, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE**, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**Gryshare en baard binne een maand** tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 18/6/5B


## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Nog Een Kans

**Mnr. Barry Grobbelaar, Sweethome, Vryburg, skryf:**

Destyds toe mnr. Havenga die O.B. uitgenooi het om by hom aan te sluit met behoud van hul O.B.-skap en ook met die belofte dat hy nie sal toelaat dat teen die O.B. gediskrimineer word nie, het hy sy woord gehou? My antwoord is: Nee, hy het wel gesorg dat nege van sy ou partylede in die paradys gekom het saam met hom, en die O.B. moet maar toesien. Dr. Malan het mnr. Havenga gevra om te herenig. Is daar nou samewerking in die nuwe party? Indien so, waarom het die koukus mnr. Strydom belet om van die republiek te praat? Die H.N.P. moes destyds die O.B. ook uitgenooi het vir samewerking, maar die O.B. was te „jonk" om notisie van geneem te word, hoewel die O.B. die enigste draer is van praktiese politiek, die republiek. Daar is vandag nog een kans om die gemeenskaplike vyand die hoof te bied, en dit is dat ons ooreenkom oor beginsels. Kan ons dan nie ooreenkom nie, groet ons mekaar en die O.B. vat sy koers. Indien dit nie gebeur nie, gaan die Torch Commando nog die land regeer. As dr. Malan dit nie doen nie — en tot nogtoe wou hy nie — dan is dit klaar met die Afrikanerdom.

# Optrede Teen Kommuniste

**Mnr. D. F. Meyer, Blomhoek, Tweeling, skryf:**

Dit is vir ons nie vreemd nie, maar ons lees met veragting die nuus dat die opposisie-partye nou juis teen die onderdrukking van kommunisme stem. Tien jaar gelede toe ons daadwerklik teen die behoud van kommunisme geveg het, selfs deur sabotasie te pleeg teen die kommunistiese oorwinning, toe was ons, ja wat nie alles wat sleg is nie.

U kan verstaan hoe die gevoelens van ons O.B.'s is teenoor die belaglike Britse partystelsel in ons land, maar dat daar nog mense is wat siel en liggaam, na wat alles gebeur het onder die stelsel, opoffer vir die lekkerkry van ons vyande, laat ons baie swaar sug van jammerte.

As die vorige regering en nou die opposisie-partye destyds vir kommunistiese oorheersing geveg het, ja selfs Afrikaners in die tronke gestop het vir jare, sonder enige geleentheid om jou regte te probeer verdedig in die hof — hulle afhanklikes aan die genade van enkelinge oorgelaat het, kan daar dan nog 'n enkele Afrikaner wees wat sou verwag dat hulle nou juis teen hulle eertydse vriende sou stem? Vandag word Afrikanerseuns waar hulle orde probeer handhaaf, nog deur die kommunistiese vriende (blankes en gekleurd) aangerand en waar die meeste van ons vir die huidige regering gestem het, is ons waarlik teleurgesteld dat daar nie daadwerklik opgetree word teen alle kommunistiese bedrywighede nie.

Is ons dan bang dat die Britse demokrasie sal skade ly as daar daadwerklik opgetree word?

Ons is dankbaar vir wat die Afrikaner al weer bereik het na hy sy onafhanklikheid moes prysgee vyftig jaar gelede, maar ons word al hoe meer skepties teenoor die metode en slakkegang van die Britse parlementêre stelsel.

Ons is bevrees dat as dit so aangaan, ons nageslag sal vergeet dat ons volkie se ideale was om te streef na 'n volkstaatstelsel, met 'n eie nasieskap onder een vlag en sy eie president.

# Belangrike Verslag Opgesom

Aangesien Bantoe-onderwys die toekomstige ontwikkeling van Suid-Afrika op ingrypende wyse gaan beïnvloed, het Sabra dit as sy plig beskou om die breë publiek, wat nòg tyd nòg geleentheid het om die lywige verslag van die Naturelle-onderwyskommissie van 1949-51 dadelik in sy geheel te lees, kort en saaklik in te lig in verband met die kommissie se bevindings en aanbevelings. Vir die doel is 'n samevatting van die verslag opgestel wat verkrygbaar is by Sabra, Posbus 238, Stellenbosch, teen 1s. 3d. per eksemplaar. 'n Engelse vertaling van die samevatting het in die jongste uitgawe van Die Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede verskyn.

---

**Die algemene verkiesing** sal gedurende Mei aanstaande jaar gehou word ongeag wat in verband met die geskil oor die parlementêre hof gaan gebeur, volgens 'n mededeling van dr. D. F. Malan deur middel van die Staatsinligtingkantoor aan 'n buitelandse koerantman.

# Wil Partystelsel Verder Uitbrei

**Die provinsiale rade, wat dermate van die partypolitiek vry gewaan was dat die opstellers van die grondwet hulle op die grondslag van die ou republikeinse regeringstelsel ingerig het, dreig om nou vir honderd persent op die lees van die partypolitieke parlement geskoei te word.**

Oorspronklik is die provinsiale raadslede as onafhanklike volksverteenwoordigers beskou wat belas was met sake wat normaalwys buitekant die partystryd gestaan het. Die onderhoud van paaie, hospitale en onderwys en die uitroeiing van ongediertes was die dinge waarmee hulle belas was. Die samestelling van die uitvoerende komitees het dan ook geskied op 'n nie - partypolitieke grondslag deurdat die lede van die komitee deur die lede van die provinsiale raad gekies is. In die partystelsel word die kabinet (of uitvoerende komitee) geheel en al saamgestel deur die sterkste party.

### PARTYPOLITIEKE NEIGING

In die afgelope jare het die neiging al sterker geword om van die provinsiale rade klein partypolitieke parlementjies te maak en hulle sodoende te gebruik as soort van opleidingskolleges vir jong partypolitici. Die verkiesings is op partygrondslag gevoer — tot so 'n mate reeds dat dr. Malan by die jongste verkiesing 'n uitspraak vir sy kleurbeleid gevra het, hoewel kleurbeleid heeltemal buite die bestek van die provinsiale rade val. Hoewel die provinsiale raadslede in vergadering nog die sitgtelike formasie van raadslede behou het in teenstelling met die parlementêre gebruik om in gevegsformasie soos twee vyandelike leërs teenoor mekaar opgestel te word, het hulle geleidelik al meer die gedwonge opposisiekarakter van die parlement aangeneem, waar die minderheidsparty hom geroepe voel om die meerderheidsparty in alles teen te staan. Op een punt kon hulle egter die nie-partypolitieke aard van die provinsiale bestuur nie verander nie, en dit was ten opsigte van die uitvoerende komitee, wat ten spye van partydissiplinering nog steeds op verteenwoordigende wyse saamgestel was met lede van albei partye, terwyl die administrateur veronderstel was om streng onpartydig te handel.

### VOELBLOED „KABINET"

**Teen hierdie laaste skans teen die partypolitiek word nou 'n aanslag in Transvaal gedoen. Volgens mnr. J. de Klerk het dr. T. E. Dönges toegestem om die bestaande metode van lidmaatskap van die komitee te wysig sodat die sterkste party alleen baas in die komitee sal wees. „Die tyd van gemengde uitvoerende komitees is verby," aldus mnr. De Klerk.**

In Kaapland kan die gevolge van die partypolitiek in die provinsiale raad tans terdeë gevoel word waar die partye 'n verbete stryd voer oor die onderwystaal in die skole, tot so 'n mate dat die verhoging van salarisse van onderwysers selfs as koevoet deur die meerderheidsparty (V.P.) gebruik word om sy „beleid" van ingekorte moedertaalonderwys deur te voer. Hierdie sogenaamde „beleid" het niks te doen met opvoedkundige oorwegings nie, maar berus uitsluitend op die partye se strewe om stemvee in te kraal.

**Die kanker van partypolitiek vreet dus nie net meer aan die kop van ons staat nie, maar slaan nou uit in die mindere organe van die staat. Ons staat is voos van die kanker.**

# 27,000 Onwettige Indiërs in S.A.

Verlede jaar in Oktober het dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake, in Durban toegegee dat daar ongeveer 14,000 Indiërs die afgelope vyf jaar op onwettige wyse die land binnegekom het. Volgens die berekening van 'n student wat 'n spesiale studie van volkstatistieke maak, moet die werklike syfer tweemaal hoër wees. Hy het bevind dat daar 27,000 Indiërs in die land is van wie se bestaan die owerheid met die sensus in 1946 nie geweet het nie.

Die student, mnr. A. van Staden, se bevinding lui dat daar in 1951 ongeveer 331,617 Asiate in die Unie moes gewees het indien die geboortes en wettige immigrante sedert die sensus van 1946 by die destydse getal gevoeg word. Die amptelike syfers vir 1951 is egter 358,738. Die enigste verklaring vir hierdie verskil is dat ongeveer 27,000 Indiërs die land onwettig moes binnegesluip het gedurende dié tyd.


**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se gewildste sigaret**

*✱ Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3080A

# IS DIT VERGELDING?

# Groot Vrees vir Torch

**Die Torch Commando is 'n mag wat die regering vandag die grootste hoofbrekens besorg. Die vrees is nie net beperk tot die politieke moontlikhede wat hierdie organisasie mag bewerkstellig nie, maar regeringslede verkeer in voortdurende vrees vir hul persoonlike veiligheid. In die pers is herhaalde maal berig dat ministers en parlementslede gedreig is in briewe en oor die telefoon. So ernstig neem die regering die Torch-gevaar op dat hy eintlik 'n spesiale lyfwag vir ministers ingestel het en 'n aansienlike afdeling polisie uit die platteland na Kaapstad verskuif het.**

Die mate van vrees waarin parlementslede van die Nasionale Party verkeer, blyk uit die geval waar 'n vriend van een van die parlementslede (ons verswyg maar sy naam) 'n grappie probeer het. Hy was onder weg na sy L.V.-vriend, en wou net opbel om seker te maak of sy vriend tuis is. Toe die eggenote van die L.V. aan die anderkant die telefoon beantwoord, sê die vriend in Engels dat dit die kommandant van die Torch Commando is. Woeps! word die telefoon neergesit nog voordat hy verder kon praat. Toe hy by die huis van die L.V. aankom, was die vensters en deure toe, en op sy geklop word nie geantwoord nie. Eers nadat hy gepraat en sy stem herken is, is die deur oopgemaak.

**TIEN JAAR GELEDE**

Dit is die verhaal wat deur die besoekende vriend vertel word. Ons vertel dit oor nie as 'n grap nie, maar om aan te toon watter vrees daar vir die Torch Commando in parlementêre kringe gekoester word. **En die punt wat ons wil maak is dat hierdie selfde vrees tien jaar gelede die Smutsbewind geteister het. Toe was dit die Ossewabrandwag wat met sy paar honderdduisend lede die regering van genl. Smuts in bange angs laat sweet het.** Die regering was so bang dat hy 'n hele divisie wat elders benodig was, in die land gehou het. Inderdaad was die Ossewabrandwag destyds by magte om die staat geheel en al lam te lê deur georganiseerde optrede duskant 'n staatsgreep of rebellie. Teenoor hierdie bedreiging het die Smutsbewind magteloos gestaan. Selfs die 40,000 „Waarheidsridders" wat aangestel was om op die O.B. te spioeneer, kon die gevaar nie besweer nie. **Dit was dr. Malan wat hierdie bedreiging vir genl. Smuts verwyder het deur sy oorlogverklaring aan die Ossewabrandwag en sy stelselmatige aftakeling van die so magtige en gevreesde wapen van die nasionale Afrikanerdom. Genl. Smuts kon weer asemhaal en sy oogmerke bereik.**

**VERGELDING**

Vandag kom die vergelding in heeltemal onverwagse vorm. **Dr. Malan sit op die stoel van genl. Smuts en hy sweet die angssweet wat genl. Smuts indertyd gesweet het vir 'n buiteparlementêre organisasie wat hy met geen middel kon beveg het nie. Vandag ervaar dr. Malan en sy vriende die skerpte van die O.B. se swaard wat op genl. Smuts se bors gedruk het. Vandag weet hulle waartoe die Afrikanerdom deur middel van die Ossewabrandwag in staat sou gewees het as hy nie in die rug aangeval was nie.**

Die ironie strek selfs verder as dit. Die beweegrede vir die vernietiging van die O.B. se mag indertyd was dan glo dat sy leier, dr. J. F. J. van Rensburg, nie te vertrou was nie, dat hy met Smuts sou geskakel het. **Nou na alles, en juis wanneer dr. Malan die angssweet sweet vir die buiteparlementêre Torch Commando, sien hy in dr. Van Rensburg so 'n betroubare persoon dat hy nou weer saam met hom in die party se hoofbestuur kan sit!**

Dr. Malan kan nou slegs hoop dat mnr. J. G. N. Strauss tot sy hulp sal kom deur 'n stryd teen die Torch Commando soos hy destyds tot redding van genl. Smuts gekom het met sy stryd teen die republikeinse Ossewabrandwag.

# ATOOMKRAG MAK GEMAAK

Die oplossing van die vraagstuk om atoomkrag vir nywerheidsdoeleindes te gebruik is verlede week deur pres. Truman aangekondig toe hy dit gehad het oor die eerste duikboot wat deur atoomkrag aangedryf word waarvan die masjien „byna voltooi" en die kiel by dié geleentheid gelê is.

Die duikboot, Nautilus, sal in staat wees om onder water teen 'n snelheid van 20 knope te vaar. 'n Paar pond uraan sal genoeg brandstof wees om die boot vir duisende myle teen hoogste snelheid te laat voortbeweeg. Hy hoef ook nooit bo die water te kom nie.

Truman het dit as die voorloper van handelskepe, vliegtuie en fabrieke wat met atoomkrag werk beskryf. Die geheim om atoomkrag vir normale menslike behoeftes aan te wend, is opgeklaar, het hy gesê.

**Na berig word, sal die atoomduikboot met stoom aangedryf word wat deur 'n „atoom-oond" verwek word. Die splitsing van een pond uranium laat dieselfde hoeveel energie vry wat 2,600,000 ton steenkool of olie vrystel. Na verwag word sal die duikboot selfs tweemaal so vinnig as die huidige dieselduikbote onder water kan vaar. Laasgenoemde se snelheid is 16 knope.**

## *Hersiening van Strawwe*

Die Britse hoë kommissaris in Duitsland het aan die Wes-Duitse kanselier gesê dat hy die vonnisse in hersiening sal neem wat die Britse hof uitgespreek het oor Duitsers wat op aanklag van oorlogsmisdade en misdade teen die besetting skuldig bevind is.

## Jode Wil S.A. Nie Verlaat

Volgens die Zionist Record het Joodse emigrasie na Israel feitlik tot stilstand gekom sover dit Suid-Afrika betref. Van al die lande het Suid-Afrika die minste immigrante vir die Joodse staat opgelewer. In 1950 het van die Unie se 103,000 Jode 154 na Israel getrek, in 1951 net 35, terwyl in Desember nie 'n enkele Jood na sy nuwe vaderland verhuis het nie.

Die meeste Jode wat tans in Palestina aankom, is afkomstig uit nie-Britse lande. In Desember verlede jaar het Brittanje met sy Joodse bevolking van 455,000 16 immigrante gelewer, en Amerika met sy 5,000,000 net nege.

## *Mooi Opkoms na Tee-aand*

'n Gesellige tee-aand van die Kaapstadse O.B.'s is Dinsdagaand, 10 Junie by die generaal, mnr. J. de V. Truter, en mev. Truter in Kampsbaai gehou. Daar was ses-en-twintig persone in die ruim sitkamer en 'n bedraggie van £3 1s. is later ten behoewe van die blad in die kollektebussie gestort.

# ATOOMGEHEIME UIT DIE TRONK

**Die Britse pers het verlede week in groot letters berig dat die kommunistiese spioen, Klaus Fuchs, wat veertien jaar tronkstraf in Brittanje uitdien weens uitlewering van atoomgeheime aan Rusland, selfs van binne die tronk voortgaan om atoomgeheime aan die Russe te verskaf. Die berig is deur die regering ontken.**

Dit is betekenisvol dat die koerante nie net die feit van die smokkelary vermeld het nie, maar volledige besonderhede verstrek het omtrent wat in Fuchs se sel gevind is. **Volgens die berig het hy papiere uitgesmokkel na „'n adres in Kensington" en het hy ingesmokkelde briewe van sy vader, dr. Emil Fuchs, uit Oos-Duitsland ontvang. In 'n poot van die bed in sy sel is 'n paar folio's gevind met wetenskaplike formules daarop tussen aantekeninge in Duits en Frans.** Die berig het voorts gemeld dat die tronkowerheid Fuchs vergun het om in sy sel voort te gaan met sy studie van atoomkunde.

Die ontkenning van die owerheid is deur die Daily Express aanvaar, hoewel die blad verklaar dat hy die inligting voor publikasie laat ondersoek het en dit „oënskynlik bevestig is."

**Om begryplike redes kan die Britse regering dit nie bekostig dat dit wêreldkundig gemaak word dat atoomgeheime selfs uit die tronk gesmokkel word nie.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# PRAKTYK LEER DAT BYBEL REG IS

**Die teorie (wat natuurlik bots met die leerstellings van die Bybel) dat die mens van nature goed is en dat hy hom behoorlik sal gedra indien die lewenstoestande gunstig is, kan nie gehandhaaf word nie. Dit is die gevolgtrekking waartoe die Britse mediese blad, The Lancet, kom in 'n beskouing oor die toename van misdaad in Brittanje ondanks al die tegemoetkomings aan die Engelse volk op die verskillende terreine van die lewe.**

Die blad verwys na die stellings van 'n professor in geregtelike geneeskunde dat Brittanje 'n dalende misdaadsyfer behoort te hê indien lewenstoestande 'n beslissende faktor in misdaad is. In die afgelope 50 jaar het die sterftesyfer in Brittanje gedaal, terwyl die lewensverwagting gestyg en kindersterfte aansienlik gedaal het. 'n Groot aantal siektes is getem en groot vordering is gemaak in die studie van voeding. Op maatskaplike gebied was daar ook gunstige veranderings. Lone is hoër, daar is meer voedsel, minder werkloosheid en beter behuisingstoestande. Daar is beter geleentheid vir onderwys en gesonde ontspanning soos sport en ander vermaaklikhede.

**Nogtans het die aantal ernstige misdade soos aanrandings, moord, huisbraak, roof, diefstal, verkragtings, ens. verontrustend gestyg. In Engeland en Wallis het misdade, aan die polisie bekend, van ongeveer 100,000 in 1900 tot 500,000 per jaar tans toegeneem. Selfs as voorsiening gemaak word vir die bevolkingstoename het ernstige misdaad toegeneem van drie per 1,000 van die bevolking in 1900 tot elf per 1,000 vandag. Dit kan ook nie aan drank toegeskryf word nie, want dronkenskap het ook grootliks afgeneem.**

## Tee-aand op Tiervlei

Die Noord-Skiereilandse O.B.'s het Vrydagaand, 13 Julie, 'n tee-aand gehou by mev. D. E. Tredoux van Tiervlei. Die opkoms was goed en 'n aangename aand is deurgebring. Die gebruiklike kollekte ten behoewe van ons blad het £2/1/- ingebring. Die volgende tee-aand word op 24 Julie by mev. S. Wilkinson, Duffstraat 47, Tiervlei, gehou.





Hoofkantoor:
**Waalstraat 28, Kaapstad.**
**Takke en Agentskappe Oral.**

**SANTAM**

**Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.**


## *Werf Intekenare op*

# DIE O.B.

Stuur asseblief die O.B. aan (skryf naam en adres in blokletters):

NAAM ..........................................................

ADRES ..........................................................

..........................................................

★ Bovermelde nuwe leser het self ingeteken op Die O.B.
★ Ek laat Die O.B. op my rekening na bovermelde leser stuur.

(★ Krap uit wat nie van toepassing is nie.)

Tydperk van intekening waarvoor betaal word is .............................. en bedrag wat ingesluit word is £.............:.............s.............d.

Handtekening en adres van afsender:

..........................................................

..........................................................

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**
Voeg asseblief kommissie by plattelandse tjek.